



Die Rietfluit

Familiebrief - April 2004



FEESJAAR - 50 JAAR VAN GENADE

Ons vier fees: 23 - 30 Mei 2004

Op 8 Januarie 1954 was daar groot opgewondenheid. Die rede: 'n nuwe gemeente naamlik die NG Gemeente Gezina is gestig. Later, in Mei 1963, sou die naam verander na die NG Gemeente Rietfontein-Suid. Aanvanklik was daar 500 lidmate wat in die skoolsaal van die Eben Swemmer Laerskool kerkdienste gehou het. Vanaf Mei 1956 kon die gemeente in hul eie gebou (die kleinsaltjie) bymekaarkom. **Maar 'n gemeente moet darem 'n kerkgebou hê!** Hierdie ideaal is begin verwesentlik met die eerste sooi vir 'n kerkgebou wat op 18 April 1964 gespit is. *In November 1965 is die kerkgebou ingewy vir gebruik tot vandag toe en ons glo tot met Jesus Christus se wederkoms.*

Verskeie predikante het in die gemeente gedien, soms tot 4 tegelyk. Deur die jare is honderde babas gedoop, nog meer lidmate het belydenis van geloof afgelê, baie het met vreugde hier in die huwelik getree, en van baie is met hartseer uit hierdie gemeente afskeid geneem. Op verskeie wyses is menselewens (dié in die gemeente en dié daarbuite) geraak deur die bestaan van die gemeente Rietfontein-Suid.

Vir ons is 2004 'n Feesjaar! En wanneer ons vanjaar feesvier, is dit met dank aan God-Drieëinig wat hierdie gemeente deur al die jare bewaar het, en dank aan Hom wat ook ons as gemeente gebruik om Sy koninkryk te laat kom. Dank vir 50 jaar van genade vir ons gemeente, dank vir 40 jaar waartydens ongeveer 4500 eredienste in ons kerkgebou kon plaasvind, dank vir onderskeidelik 20 en 10 jaar wat die 2 dominees Leons in die gemeente dien, dank vir 10 jaar van Aksie Plus, dank vir soveel ander seëninge wat die Here uit genade vir ons gemeente gee.


Al hierdie sake vra dat ons as gemeente feesvier. En dit is presies wat ons einde Mei gaan doen. Tydens die oggenddiens van 23 Mei preek ds. Nico Sennett, die aand word 'n Feeslofprysingsdiens deur dr. Jan Swanepoel gelei, en op die aande van Maandag 24 tot Donderdag 27 Mei hou ons Pinksterfeesdienste, gelei deur predikante wat voorheen in die gemeente gedien het.

En dan die Feesnaweek! Op Vrydagaand 28 Mei skop ons die Feesnaweek af met 'n gemeentekonsert in die kerksaal (kaartjies sal eersdaags te koop wees). Op Sondagoggend 30 Mei lei ds. Kerneels van Niekerk die diens, met die huidige leraars wat Nagmaal bedien. *En wat is 'n feesdiens sonder 'n Feesoffer!* Tydens die diens word 'n offer opgeneem waarmee ons uit ons harte op 'n tasbare wyse vir die Here dankie sê vir 50 jaar se genade. En dat ons daarin mag deel. Ná die diens is daar 'n lekker feeskuier in die saal, waar al die oudpredikante en -lidmate saam met ons kuier.

Ons nooi u hiermee om deel te neem aan die feesgebeure, en om ander mense (veral oudlidmate) ook solank uit te nooi om hierdie uitsonderlike fees mee te maak.

Ds Leon Tait

FEESOFFER - 50 JAAR



U ontvang hiermee saam 'n Feesofferkoevert. Ons wil u vra om saam met die res van die Gemeente die Here te dank vir 50 jaar van genade deur middel van 'n dankoffer - u kan soveel gee soos u glo die Here op u hart lê (wat van ten minste vyftig rand : 50 jaar - R50). Op Sondag, 30 Mei, tydens die oggendnagmaalsdiens, sal die Feesofferkoeverte ingeneem word.

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Baie dankie aan 'n meelewende gemeente wat sorg dat **Diens van Barmhartigheid** se wiele nie afval nie. Sonder u morele en finansiële bystand sal hierdie noodsaaklike bediening sink.

Alimentasie verleen voedsel en ander hulp waar en sover moontlik. Dit is 'n steeds groeiende behoefte.

Die *Moot Hospitaalbediening* is flink aan die gang – persone wat graag wil deel in hierdie besondere bediening, is welkom om vir Pieter en Hannatjie Vermeulen (331 4238) in hierdie verband te kontak. *Die Siekesorgbediening* wat binne gemeentegrense arbei kan doen met nog persone wat bereid is om siekes te besoek. Pierre Malan (331 3119) sal u hieroor volledig kan inlig.

Die Kinderhuis het die sprong gewaag en 'n voltydse leraar beroep. U voortdurende voorbidding vir hierdie gemeente in die klein met sy eie, unieke probleme word gevra.

Onder die bekwame leiding van Afke Hepkema en haar helpers gaan die *Werksklas* suksesvol voort. As u meer inligting oor die Werksklas wil hê, kan u gerus vir Afke(330 1400) skakel.



Onthou asb. koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand. Baie dankie vir u ondersteuning.

KERK SE BANKBESONDERHEDE

Vir persone wat enige inbetalings in die kerkrekening wil doen (of aftrek-order wil reël)

**Bank - ABSA
Tak - Ben Swart
Takkode - 334 645
Naam - NG Gemeente Rietfontein-Suid
Rek nr. - 090197797**

BESTELVORM VIR 50-JARIGE FEESJAAR CD

Naam	Aantal CD's	Tel nr.	Se. Nr.	Bedrag


Koste: R50 per CD – kontant met bestelling

Die CD bevat foto's en artikels van die volgende:

Kerkinwyding 1965 / Predikante en gesinne 1954 – 2004 / Feesblad – 25 jaar 1979 / kerkprogramme van lank gelede / 2003 gemeentekamp / Nuwe Lidmate, Jeug – ook Belydenisklas van 2003 / Kerkraad en Dienswerkers 2004 / Blommerangsikkings – verskeie geleenthede / Kanselklede ens. / Kerkgebou / en nog baie meer

Die foto's kan op u rekenaar of DVD speler gekyk word of na 'n foto ontwikkelaar geneem word om die foto's wat u wil hê te laat afdruk.

BESTELLINGS MET GELD MOET BY DIE KERKKANTOOR WEES **VOOR 21 MEI**



18-21 April 2004 : En wat kan die uitkoms wees? 'n Gesinchroniseerde, geratte saamwees wat 'n prag legkaart soos God dit wil, van ons huweliksverhouding verbeeld!!

Dr. Floris Knouws het beklemtoon dat die huwelik as kleinste vorm van die kerk die praktiese beginsel van Ef. 4: 29,31 en 32 in die simboliek van "ou klere uittrek en nuwe klere aantrek" moet uitleef. Dit wil sê dat jy moet bely en breek met die negatiewe elemente in jou huwelik en die keuse moet maak vir motiveringswoorde en woorde wat bou.

Dit is duidelik uit die skeppingsverhaal dat die mens 'n maat nodig het om waarlik menslike essensie te ervaar. Al is dit dan met die man se denke, beplanning en werk en die vrou se fyn aanvoeling van medemenslikheid; kan die fyn legkaart van ware huweliksgeluk in vervulling gebring word.

Hoe kan 'n mens dan werk om 'n huwelik te bou soos wat God dit wil? Spreuke 4: 20-22 asook 25 en 26 stel duidelike riglyne:

♥ bepaal jou doelwit / einddoel vir jou huwelik;

- ♥ baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree
 - ♥ hou jou oog op die pad vorentoe
- d.w.s. as jy seker is waarheen jy met jou verhouding oppad is, sal jy verseker weet watter stap om volgende te neem.

Hoe hanteer jy konflik in jou huwelik?

Ontleed die probleem wat konflik veroorsaak, want binne die analyse van die probleem lê die oplossing opgesluit!!

Ware woorde – so kom by die wortel van die probleem uit (Fil 2:3):

- ♥ erken die verskille
- ♥ erken mekaar se belange
- ♥ maak 'n keuse wat die einde van die konflik moet wees – en kies positief!!
- ♥ werk aan 'n gesamentlike **wen** - d.w.s. om nader aan mekaar te eindig as ooit tevore)

Volgens Prediker 4: 9-12 verklank vir ons hoe sinergie in die huwelik bewerkstellig kan word en Amos 3:3 verduidelik hoe twee mense kan saamloop. Hoe kan ons dan op mekaar ingestel wees, sinchroniseer; saam ervaar en saamloop?

- ♥ Besluit hoe sake hanteer kan word (ook die konflik!)
- ♥ Onderhandel deur gesprekvoering
- ♥ Bevestig die "commitment"
- ♥ Vermaan mekaar, maar behou die keuse om jou maat te ondersteun in optrede



Woensdag aand : Blaas die vuur van die Liefde aan !

Die uitleg van Hooglied is as basis gebruik vir die bespreking dat die wonderlike gawe van liefwees vir jou lewensmaat kennelik deel van julle lewe saam moet uitmaak. En dit alles nog by kerslig!!